Jaarverslag

1 April 2015 – 31 Maart 2016

Huis De Kuilen & Dienssentrum vir Seniors, Kuilsrivier

'n Program van Badisa.
Badisa is 'n gesamentlike Bedieningsaksie van die NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en die VGKSA (Kaapland)

Huis De Kuilen is 'n Tehuis sowel as 'n Dienssentrum vir Ouer Persone.

KONTAKBERSONDERHEDE:
Huis De Kuilen, Skoolstraat, KUILSRIVIER, 7580
Tel.: 021 903 7055 Faks: 021 906 1051
021 903 1061
Email: kuilenhuis@mweb.co.za/huisdekuilen@mweb.co.za
Dienssentrum: dskuilsrivier@gmail.com

Huis De Kuilen is geregistreer as 'n nie-winsgewende organisasie (NPO 011-891) en die Dienssentrum as 'n Openbare Welsynsorganisasie (PBO 930 006 34800)

Visie:

Gelukkige bejaardes wat die beste moontlike fisiese en psigiese lewenskwaliteit in 'n veilige omgewing geniet.

Missie:

Huis De Kuilen bestaan om die bejaardes in die gemeenskap te huisves, te versorg en te behandel, deur die optimale benutting van hulpbronne en dienste, om sodoende die beste moontlike lewenskwaliteit van die inwoners te verseker.

Voorsittersverslag

Die afgelope jaar het verskeie verwikkelinge plaasgevind wat tot gevolg gehad het dat die Tehuis nie gestagneer het nie, maar die gemeenskap en inwoners se behoeftes duidelik ondervang het.

Ek dink dat Huis De Kuilen ook die Bybelse waardes uitleef omdat koning Salomo, in Spreuke 19:17 vir ons 'n duidelike boodskap het, wat ons nie kan verontagsaam nie.

Huis De Kuilen het vanjaar ook sterker op die gebied gegroei veral met die inskakeling van die Dienssentrum by die Tehuis en meer dienste en aktiwiteite is dan ook toegevoeg.

Huis De Kuilen besef die belangrike rol wat ons in die gemeenskap speel en daarmee saam die samewerking van kerke in die omgewing wat ewe noodsaaklik is om die strategiese rigting te help bepaal. Op hierdie gebied het die kerke hul dan ook goed van hulle opgelegde taak gekwyt.

Die Personeel van Huis De Kuilen was weer hierdie jaar uitstaande en die dienste wat ons aan inwoners en die gemeenskap gelewer het, was van hoogstaande gehalte. My dank en waardering vir hierdie dienste wat so onbaatsugtig gelewer is.

As Voorsitter wil ek ook my dank en waardering uitspreek teenoor ons donateurs, die plaaslike gemeenskap, verpleegpersoneel, vrywillige werkers, versorgers – Frans en sy Bestuurspan, Badisa en ons Hemelse Vader wat ons weer deur dié jaar gedra het.

JJ GELDENHUYS
Voorsitter

Voorwoord: Bestuurder

Huis De Kuilen is vanjaar 41 jaar in bedryf en het die afgelope 16 jaar met rasseskrede vooruitgegaan om met die tyd tred te hou. Verskeie projekte is aangepak en met groot sukses deurgevoer.

- 'n Alzheimerafdeling is gevestig waar 19 inwoners gehuisves word.
- Sedert 2001 bied die Tehuis gratis opleiding aan Versorgers, vanuit die benadeelde gemeenskappe.
- Sedert 2004 voorsien Huis De Kuilen ook weekliks 10 liter sop aan ABBA.
- Huis De Kuilen is ook ingeskakel by 'n voedingskema in Kalkfontein.
- 'n Sonkamer is gebou by die Alzheimerafdeling waar inwoners rustig in die son kan sit.
- Twee sale is gebou wat 'n groot bate vir die Tehuis is.
- Die kombuis is opgradeer en die nuutste toerusting is geïnstalleer.
- Die Tehuis is vanjaar weer vir die 2de keer geverf teen 'n koste van ongeveer R800 000.
- Drie store is gebou wat 'n groot bate vir die Tehuis is.
- Elf woonstelle is gebou wat vir die Tehuis 'n goeie inkomste bied.
- 'n Omheining en twee outomatiese skuifhekke is aangebring wat die veiligheid drasties verbeter het.
- Ses garages en 17 afdakke van skadunet is aangebring/opgerig.
- Vyf lugversorgers is ook geïnstalleer wat die lewensomstandighede van die inwonersdrasties verbeter het.
- Die ingangsportaal en kantore is opgeknap en 'n bykomende kantoor is ingerig.
- Bykans al die vloerbedekking van die Tehuis is vervang.
- Kamers wat as stoorplek gebruik is, is omskep om 14 inwoners te akkommodeer, om sodoende die inkomste te verbeter.
- Om dit egter moontlik te kon maak, is donateurs genader en kan ek vandag aan elkeen dankie sê vir hulle besonderse bydrae.

Die Dienssentrum vir seniors is ook op 1 Maart 2015 onder die beheer van Huis De Kuilen geplaas. Dit het daartoe bygedra dat ons 'n meer gestruktueerde diens aan die plaaslike gemeenskap kan lewer.

Die ekonomiese klimaat is egter besig om Tehuise ernstig te knou en die feit dat die Lotto sy befondsing aan Tehuise gestaak het, plaas baie druk op kinders en families om te oorleef.

Baie dankie aan ons Beheerraad, toegewyde personeel, vrywilligers, Badisa en donateurs vir hulle bydrae en ondersteuning die afgelope jaar.

Ten spyte van die daling in inkomste en moeilike ekonomiese klimaat, kon ons nog steeds die dienste lewer waarvoor ons hier is. Hiervoor kan ons net ons Hemelse Vader loof.

FRANS THEUNISSEN
Bestuurder

LEDE VAN DIE BEHEERRAAD

Naam	Kerkverband	Kontak No.	E-posadres
A Bosman	NGK	021 903 2254	altabosman101@gmail.com
W Cilliers	NGK	021 903 1891 082 595 4272	williejc@mweb.co.za
T Davids	VGK	O21 952 2810 076 753 2835	timdavids@telkomsa.net
JJ Geldenhuys	Baptiste	021903 1891 083 595 4272	gellie@cofesa.co.za
D Jordaan	NGK	021 903 2815	
A Marais	NGK		marais@maraismuller.co.za
S Pieters	NGK	021 903 4380	tok.pieters@gmail.com
WF Rossouw	NGK	021 903 3371 083 413 7644	cde.kuilsrivier@telkomsa.net
G Solomon	Rema	021 981 4481 082 413 7644	gavin_solomon@yahoo.com
H Williams	Anglikaans	021 906 1878 072 655 9836	

Lede van die subkomitee van die Dienssentrum vir Seniors

Naam	Kerkverband	Kontak No.	E-posadres
WF Rossouw	NGK	021 903 3371 083 703 8030	cde.kuilsrivier@telkomsa.net
MJ De Waal	NGK	O21 903 9880	
J Groenewald (mnr)	NGK	021 903 2861 082 2607 931	
J Groenewald (mev)	NGK	021 903 2861 083 8818 171	
M Hassen	Volle Evangelie	O21 906 0284 084 4516 456	
S Pieters	NGK	021 903 4350 076 1106 644	
P Steyn	NGK	082 060 4661	
LM Geldenhuys	NGK	021 903 4407	

KONTAKPERSONE

Bestuurder	:	**FransTheunissen**
Ontvangsdame/Sekretaresse	:	**Willowlouis Williams**
Admin Beampte/Boekhouer	:	**Linda Nel**
Hoofverpleegkundige	:	**Dalene Immelman**
Maatskaplike Werker	:	**Hestelle de Goede**
Bate en Risiko Bestuurder	:	**Freda De Lille**

VERPLEEGPERSONEEL

Suster Santie Erasmus

Suster Johanna Foster

Suster Marietha Wiese

VERPLEEGASSISTENTE

Africa, Sophie

Jeffries, Eveline



Brits, Rina

Saaiman, Brenda

Versorgers

Abrahams, Nickey

Avontuur, Mary-Ann

Bartie, Priscilla

Blouws, Lorraine

Cedras, Johanna

Cyster, Estel

Daniels, Delia

Davids, Andrea

Francke, Roslyn

Goliath, Mieta

Hanekom, Dorothy

Hendericks, Johanna

Hesselman, Annelien

Koopman, Katriena

McNabb, Renette

Meloy, Brenda

Ndlovu, Mina

Olifant, Cherene

Versorgers

Petersen, Barbara

Theunissen, Frieda

Riddles, Mariam

Van Rooi, Christien

Celeste September


Van Wyk, Mara


Swartz, Anita

Afwesig: Kapiera Alison en Meyer Marlene

Almal bo 90 jaar en ouer!

Ons leef vandag in 'n ouerwordende gemeenskap en hierdie feit word inderdaad in Huis De Kuilen gereflekteer. Baie geluk aan al ons inwoners wat almal 90jr en ouer is.

Naam en Van	Geboortedatum	Ouderdom
Mev Maria Daniels	14.05.1917	99
Mev Christiane Pearce	24.03.1918	98
Mev Maggie van Zyl	28.03.1920	96
Mev Maria Barnard	09.08.1922	94
Mev Mimmie Barnard	19.09.1922	94
Mev Hester Rossouw	18.04.1923	93
Mev Babsie Marais	26.08.1923	93
Mev Sarah Smith	15.09.1923	93
Mev Frances Redcliff	07.03.1924	92
Mev Bettie Engelbrecht	09.07.1924	92
Mev Sienie Terblanche	20.02.1925	91
Mev Christene v/d Merwe	23.06.1925	91
Mev Ina Basson	04.07.1925	91
Mev Helen Swart	22.09.1925	91
Mnr Coenrad Rademan	16.10.1925	91
Mev Aletta Burges	28.03.1926	90

Ons het met ‘n paar van hulle gesels om te hoor wat is hulle lewens filosofie?

Mev. Bettie Engelbrecht (92jr): Leef elke dag voluit! Elke dag is ‘n geskenk van bo. Moet niks nalaat vir môre nie, dalk is daar nie ‘n môre nie. Aan die einde van elke dag, dan sê ek dankie, dit was genade.

Mev Miemie Barnard (94jr): Ek is dankbaar, dankbaar vir ouers wat vir my van die Here geleer het. Dankbaar vir ‘n lewe met seëninge. Sy het geleer om ‘n lewe van dankbaarheid, diensbaarheid, vergewensgesindheid, vredemaker, nederigheid en baie liefde te leef.

Mev. Sienie Terblanche (91jr): Ek het ‘n vol lewe gehad en daar is so baie lewenswyshede, te veel om op te noem. Vandag het ek pyn en ongemak maar ek weet in vreugde en smart is God meerder in my hart. (Ps 130:4) Sy het nog net een suster van 103 jr. So baie het reeds vooruit gegaan en sy verlang om haar wonderlike Vader te ontmoet en om met haar geliefdes weer herenig te word.

Mev. Frances Redcliff (92jr): Sy sê “wat kan ek anders as om te sê alles is net genade”. Ons moet mekaar lief hê, dit is ‘n opdrag van die Here.

Mev. Sarah Smith (93jr): Doen alles wat jy kan in jou lewe. Behoort aan alles, reik uit na ander, raak betrokke en gee jou deel terwyl jy kan. Lees jou Bybel en leer ken die Here, daar kom ‘n dag soos in haar geval waar sy nie meer kan lees nie, maar vandag onthou sy die skrifgedeeltes en kan sy bybelverse en gesange steeds sing want sy ken dit.

Mev. Hester Rossouw (93jr): Moenie rebeleer teen die lewe nie. Aanvaar die uitdagings van die lewe, hanteer dit wat na jou kant toe kom en weet die Here is in beheer. Hy sal vir jou krag gee om dit te hanteer.

90 Jariges

Mev C Terblanche

Mev E Engelbrecht

Mev F Redcliffe

Mev PM Marais

Mnr C Rademan

Mev H Swart

Mev H Rossouw

Mev C Pearce

Mev MJ Barnard

Mev S Smith

Aktiwiteite wat aangebied word vir die inwoners van Huis De Kuilen en vir lede van die Dienssentrum:

Aktiwiteit	Dag	Plek
Oefeninge	Maandag	Huis De Kuilen 9:00 – 10:00
Kaart en bord-spel	Maandag	Huis De Kuilen 15:00 – 16:00
Bingo	Dinsdag	Huis De Kuilen 9:00 – 10:00
Breiklub	Elke 2de Woensdag	Huis De Kuilen 10:00 – 11:00
Mooihawens Sosiale klub	Elke 2de Woensdag	Huis De Kuilen 10:00 – 11:00
Inkleur vir volwassenes	Elke 2de Woensdag	Huis De kuilen 10:00 – 11:00
Biblioteek	Woensdag	Huis De Kuilen 14:30 – 15:30
Kliniek	Woensdae	Huis De Kuilen 15:00 – 16:00
Dienssentrum Program	Donderdae	NG Kerksaal Moeder Gemeente Kuilsrivier. 9:30 – 11:00
Fliek	Vrydae	Huis De Kuilen 10:00 – 12:00
Haarsalon	Donderdae + Vrydae	Huis De Kuilen 8:00 – 15:00
Hande en voete	Per afspraak	Huis De Kuilen
Huisgodsdiens	Maandae, Dinsdae & elke 2de Woensdag	Huis De Kuilen 17:30 – 18:00
Biduur	Donderdae	Huis De Kuilen 15:30 – 16:00
Uitstappies	Donderdae	± 4 per jaar
Etes aan Dienssentrumlede en die publiek	Elke dag van die week	Huis De Kuilen. Wegneemetes word self afgehaal.

Dienste aan die Gemeenskap:

- Vanaf 1 September tot 30 November bied ons jaarliks gratis opleiding aan vir voornemende versorgers. Vanjaar sal ons 15de jaar wees wat die kursus met groot sukses aangebied word.
- Ons ondersteun die ABBA projek deur die voorsiening van sop 1 x week.
- Die projek "Aksie Samaritaan" voorsien elke Maandag aan ongeveer 70 persone 'n maaltyd. Ons is by hierdie projek betrokke deurdat ons skenkings en ekstra voedsel met hulle deel.
- Tuisbesoeke word deur die Maatskaplike Werker gedoen met die oog op Tehuisopnames. Gemeenskapslede wat by ander Tehuise aansoek doen en die dienste van die Maatskaplike Werker vereis, word hanteer.

"Vinnige feite"

Ons deel graag 'n paar interessante brokkies nuus met julle:

- **Mnr FA Theunissen, is al 17 jaar die Bestuurder van Huis De Kuilen.**
- **Die inwoner wat die langste in Huis De Kuilen woon, is mev. Sienie Terblanche. Sy woon sedert 1 November 1991 hier, dus amper 'n volle 25 jaar.**
- **Ds Willie Cilliers lewer al vir die afgelope 26 jaar 'n diens by Huis De Kuilen en is ook lid en Onder-voorsitter van die Beheerraad.**

DONATEURS

- Prins Vervoer
- Dr's Visser en Vennote
- Mnr N Smith
- Combrinck familie
- VGK Trust
- Mnr DGH Smith
- NGK Moedergemeente – Kuilsrivier
- NGK De Eike Gemeente - Kuilsrivier
- NGK Suid Gemeente – Kuilsrivier
- Pannekoekspan, Moedergemeente – Kuilsrivier
- Die Bestuur van Huis De Kuilen wil ook sy dank uitspreek teenoor ons donateurs, vir hulle gereelde bydraes.

26 JAAR

1 April 1990 - 08:00

Vanoggend dou voor dag opgestaan, want vandag begin ek met ‘n nuwe werk.
Met nuut “gepermde” haartjies, gesiggie mooi ingekleur, netjiese rokkie en ooptoon Polvyntjies, stap ek met handsakkie onder die blad, die Hoofgebou binne.
Die senuwees is snaarstyf gespan, want vandag stap ek ‘n nuwe toekoms tegemoet.
Die stoel wat op my wag, was die afgelope jare gevul deur ‘n besonderse dame met jare se ondervinding.

Binne die deur word ek spontaan ontvang deur oom Niek Terblanche, ds Andre de Ridder, Matrone Kotzé en ek voel sommer stukke beter. Ek word sommer ingetrek in ‘n lekker saamkuier inligtingsessie en vandaar word my kantoor aan my voorgestel.
Ek voel soos ‘n Koningin – ek alleen in hierdie kantoor met ‘n stoel wat lyk soos ‘n troon, net die blink tooisels ontbreek !!

Na al die verwelkoming en bekendstellings, daag daar nog ‘n nuwe gesig op van die Hoofkantoor. ‘n Man met ‘n vriendelike gesig, Rooi hare en Rooi baard, word aan my bekendgestel. Hy is die man wat die finansiële afdeling aan my gaan oorgee. ‘n Bos sleutels word aan my oorhandig en ek word gevra om die kluis oop te maak wat ek, baie ywerig en vol bravade, doen.

O, my goeiste, my keel trek toe. Vanuit die kluis is daar ‘n groot aantal boeke en leêrs wat groot-oog na my staar. Ek begin huiwerig uitpak en die man met die Rooi hare en baard begin verduidelik. Ek luister met groot aandag en sê vir myself – “Suster, waarin het jy jou begewe”. Die pos was vir ‘n Ontvangsdame/Sekretaresse, maar hier klim nou nog ‘n klomp ander goete ook uit die kas !! Gmf, my ma het nie bang kinders grootgemaak nie. Ek is vol belangstelling en entoesiasties en gaan hierdie uitdagende taak aan my opgedra, met groot sukses uitvoer.

My tweede dag begin in alle erns. My ratte is ge-olie en my batterye “gecharge”
Die Skakelbord dateer uit die oertydperk, maar gelukkig werk dit darem nie met ‘n slinger of insteekproppe nie. Jippee, geen slingers!!! Oops, te gou gepraat. Hier staan die optelmasjien, sowaar met ‘n slinger – sal maar moet deurdruk.

Met my eerste opdrag van tikwerk, is ek oorgehaal, want ek het mos darem ‘n onderskeiding gehad in Matriek. Ek haal die plastiekkombersie af en staan sonder asem. Die affêre kom nog uit die ark en sowaar, nog ‘n slinger!!

Nou is ek gerat en kan daar beslis nie nog verrassings uit ‘n pakkie spring nie en begin ek my werk met groot ywer en toewyding aanpak.

Vandag, 26 jaar later, is ek ‘n volwaardige Administratiewe Beampte en Boekhouer en kyk ek terug en besef ek meteens hoe vol en geseënd my lewe is. Ek dank my Hemelse Vader wat my elke dag seën met Sy teenwoordigheid, goeie gesondheid, insig en helderheid van verstand.

Ek sê ook vandag Dankie, aan Huis De Kuilen, vir die geleentheid wat ek het om nog altyd deel van hierdie merkwaardige span te kan wees.

Linda Nel
1 April 2016

"AANHALINGS"

Mnr. P. De Wit: "Dit wat vir die mens onmoontlik is, is by God moontlik"

Mev. A. Nimb: "Behou die mooi in die lewe, laat die slegte agter en leef voluit. Die toekoms is mooi".

SAPD Kuilsrivier: "n Dorp sonder bejaardes is soos 'n put sonder water"

Mnr. Koos Groenewald: Die Here doen wat Hy beloof het. Laat ons styf vashou aan die Hoop wat Hy vir ons gee"

Mev. Chrissie Terblanche: "Ken jy die Herder van die Psalms? Indien nie, dan het die Psalms vir jou geen waarde nie".

Mev. May Pieters: "Is jy die persoon wat God se aangename geur versprei, of is jy die persoon wat 'n doodsreuk agter laat"

Mnr Boet Geldenhuys: "Die Here het jou gehoor, jou gebed sal Hy verhoor".

Mev. Mary Hassen: "Die Here het ons lewens lank vooruit beplan".

Mnr. Tok Pieters: "Omring jou met positiewe denke. Doen "godsdiensoefeninge", leef positief en maak'n positiewe verskil in ander se lewens".

Mnr. Willem Rossouw: "Niks sal met jou gebeur sonder 'n doel nie. Die engele sal jou beskerm en dra".

Nog twee interessante feite is:

- Huis De Kuilen is toeganklik vir alle persone. Gesamentlik word 20 verskillende kerke verteenwoordig.
- Die Dienssentrum vir Seniors Kuilsrivier was voorheen deel van die Dienssentrum in Bellville. Vanaf 1 April 1997 het hulle op hul eie gefunksioneer. Op 1 April 2015 ontvang hulle vir die eerste keer 'n subsidie van die staat en skakel nou in onder Huis De Kuilen.

FINANSIES: HUIS DE KUILEN

1 April 2015 - 31 Maart 2016

INKOMSTE		**UITGAWES**	
Losiesgelde	5 696 161.00	Salarisse	5 251 971.00
Donasies en Bemakings	119 271.00	Vervoer	5 797.00
Toekennings (Lotto)	5 596.00	Kantoor uitgawes	813 280.00
Beddegoed	3 000.00	Grond en Geboue	1 017 305.00
Mooihawens	1 673.00	Huishoudelike Uitgawes	1 630 771.00
Verhalings	2 705.00	Spesiale Dienste	91 731.00
Fondsinsameling	66 424.00	Waardevermindering	5 375.00
Huur Ontvang	23 072.00		
Aandele	14 017.00		
Rente	161 746.00		
Toekennings	17 500.00		
Verkope	224 098.00		
Versekeringseise	13 781.00		
Subsidie	1 799 961.00		
Bedryfstekort	**R 667 225.00**		
	R 8 816 230.00		**R 8 816 230.00**

Die bedryfstekort word hoofsaaklik toegeskryf aan die groot uitgawe nl. R800 000, wat aangegaan is om die Tehuis en woonstelle te verf.

Huis De Kuilen - Beleggings

Geldmark	R	526 338.00
Badisa	R	2 815 792.00
Sanlam	R	825 217.00
	R	**4 167 347.00**

FINANSIES - DIENSSENTRUM VIR SENIORS, KUILSRIVIER

1 April 2015 - 31 Maart 2016

INKOMSTE			**UITGAWES**		
Spesiale Program Inkomste	R	12 657.00	Salarisse	R	112 756.00
Donasie en Bemakings	R	5 489.00	Vervoer	R	77.00
Toekennings (Lotto)	R	7 718.00	Kantooruitgawes	R	2 871.00
Fondsinsameling	R	1 382.00	Huishoudelike uitgawes	R	420.00
Ledegelde	R	3 295.00	Program uitgawes	R	12 005.00
Rente Ontvang	R	2 378.00	Spesiale Dienste	R	4 815.00
Subsidies	R	126 360.00			
			Bedryfswins	**R**	**26 335.00**
	R	**159 279.00**		**R**	**159 279.00**

Dienssentrum vir Seniors, Kuilsrivier - Beleggings

Geldmark	**R**	**35 365.00**